Bestuurder Maatskaplike Dienste, Skiereiland/Boland/Weskus (Sluitings Datum, 2 Mei 2021)

Badisa, 'n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk [Wes-Kaapland] en VGKSA [Kaapland] beskik tans oor bogenoemde vakature.

Verantwoordelikhede sluit in:
- Toesig oor en supervisie van maatskaplike dienspersoneel
- Programbestuur en -ontwikkeling
- Menslike hulpbronbestuur
- Betrokkenheid by finansiële bestuur, bemarking en fondswerwing
- Leiding en ondersteuning aan Beheerrade
- Skakeling met departementele streekkantore, forums en ander rolspelers
- Verteenwoordiging en onderhandeling binne gemeenskappe en gemeentes.

Vereistes:
Die suksesvolle kandidaat beskik oor minstens vyf jaar toepaslike ervaring binne die kinder- en gesinsorgveld. Verdere vereistes sluit in uitstekende fasiliteringsvaardighede, die vermoë om op alle vlakke te kommunikeer, konflikhantering, strategiese denke, die vermoë om onafhanklik te werk en rekenaarvaardighede. Registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe is verpligtend.

Ons bied 'n onderhandelbare salaris, aangevul deur 'n mediese en aftree skema, asook ruim verlof.

Standplaas: Skiereiland/Boland/Weskus

Stuur 'n volledige CV, met bewys van registrasie, voor/op 2 Mei 2021 aan:
Die Direkteur: Menslike Hulpbronne,
Privaatsak X8, Bellville 7530
mhb@badisa.org.za